Helderstem

Sondagaankondigings en Nuusblad vir Helderberg Gemeente 25 Februarie 2018 Jr. 7 Nr. 7
www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Skandalige genade

Lukas 14:15-24

Die koninkryk van God word op baie plekke in die Bybel voorgestel as ‘n bruilof of ‘n feesmaal. Die rykbelaaide tafels en feestelike atmosfeer dien as ‘n beeld van die rykdom en oorvloed wat die Here vir ons wil bied. “Ek het gekom sodat julle die lewe kan hê en dit in oorvloed.” (Joh 10:10) Die feesmaal is een groot tafel waar die genooides feestelik saam met die Gasheer, die Here self, kan kuier.

Dan gebeur die onverklaarbare: Die genooides is nie dáár toe die feesmaal gereed is nie. Dit is eintlik so tragies dat baie van die genooides om verskeie redes nooit gaan aansit nie. Die genade is daar – ek kan dit net in geloof neem, myne maak, omhels en daaruit lewe – tog is daar sommige wat net nooit dit neem, ontvang en hulle s’n maak nie.

Dan ontdek ons ook iets van die Here se genade – hy nooi ander. Sy genade is vir almal. God kyk nie na mense soos die wêreld kyk nie; dit gaan nie oor mense se meriete nie. Sy liefde is onvoorwaardelik en maak dikwels vir ons nie sin nie. Daar is niks wat ons kan doen wat kan maak dat God ons minder liefhet nie en niks wat kan maak dat God ons meer liefhet nie. Sy keuse van mense maak ons soms ongemaklik.

Dit is Wie God is. God se genade maak die verskil.

Leef met ‘n passie vir God en ‘n hart vir mense en ‘n wêreld in nood.

Sondag 25 Februarie

Skandalige GENADE
Lukas 14:15-24

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Hannes Theron
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel	Lizette Louw en Paul Barnard
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Hannes Theron
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

Deurkollekte: Kairos Gevangenisbediening

Bid saam met ons vir die volgende:

Mia Cara Ferreira - (6 jr) leukemia - behandeling in VSA
Sonja Kruger - gewas
Rehanna Nolte - beenkanker
Johannes Esterhuizen (jnr) - leukemia
Daniel Benade - hartklep operasie
Annalise Wiid - herstel na operasie
Elby Meyer - kanker
Andrew King - gehospitaliseer
Greta Bester - herstel na operasie
Helene Swart - kanker

Elke dag tydens lydenstyd is daar ‘n dagstukkie op die webblad (www.nghelder.co.za) en ook op Facebook (Helderberg Gemeente).

WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - kut3Apr?

Sukkel jy om te hoor tydens die diens?

Stuur sommer dadelik vir Tiaan ‘n Whatsapp na 081 300 4343 en in watter area jy sit.

Sondag 4 Maart

Genade, genade, genade
Lukas 19:1-10

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek (doop)	Danie O’Kennedy
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel (doop)	Lizette Louw en Paul Barnard
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Danie O’Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Danie O’Kennedy

Wat gebeur die week:

Dinsdag 26 Februarie
06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent
17:30 Eredienswerkgroep - Kapel

Donderdag 28 Februarie
08:45 Bybelstudie
17:30 DC, S&P, DC4K en GS
18:45 Kantory oefen

Neem kennis

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Beulah Meintjes - Hluhluwe
Francois en Helé Henning met hul kinders
Lizane, Francé en Chrisilie - Lydenburg-Suid
Gideon en Natashia de Wet - Pretoria-Oos
Lenie Engelbrecht - Hartenbos
Lidi Brand De Witt - Askham-Noenieput
Lourens en Tilla Fick - Monumentpark
Rico en Aletta Meyer - Standerton

Kinder-sanggroep in klassieke diens

Indien daar 'n klein sangertjie in julle gesin is wat graag sy/haar sangtalent in die klassieke diens wil deel, kontak asseblief vir Yolanda Botha by yolabotha@gmail.com vir meer besonderhede.
Kinders van alle ouderdomme en vermoë is welkom.

Nuwe omgeegroep vir jong werkendes

Kontak Wouter Hanekom indien jy belangstel (084 701 7785 of wouterhan@gmail.com).

Belydenis van geloof - 11 Maart

Indien jy by dié geleentheid jou lewende verhouding met Jesus Christus voor God en die gemeente wil bely, moet die inskrywingsvorm voor of op Vrydag, 2 Maart by die kerkkantoor ingehandig word of e-pos aan fbadmin@nghelder.co.za.

Dagboek asseblief die belydenisgesprek wat op 7 Maart om 19:00 in die Kapel plaasvind.

DIY Oggend

Almal is welkom. Ons maak saam iets en kuier lekker saam.
Wanneer: 7 Maart
Waar: Die Tent
Tyd: 10:00-12:00
Tema: Ons gaan kaartjies maak en versier
(jy is welkom om enigiets saam te bring wat jy dink ons kan gebruik)

Donasies vir Helderberg Beradingsentrum.
Navrae: Meagin 021-851 5582

Kairos Gevangenisbediening

Ons bediening is by Drakenstein Gevangenis. Ons doel van ons uitreik is om Jesus se liefde te kom wys deur te “Listen, Listen, Love, Love” (ons 4 “L”e).

Die deursnee probleem is dat die mensies nooit Jesus se liefde ervaar het in die samelewing nie, wat eintlik in die ouerhuis se fondamente moet wees. Aanvaarding in deel van ons menswees en hulle het maar met verkeerde goed deurmekaar geraak om aanvaar te word. Die groep waar ek en Ansa betrokke is, is spesifiek die “juveniles” (ouderdom 16 – 25). Hulle is reeds op dié ouderdom in maximum gevangenis wat of lewenslank of 20 jaar en meer is. Ons kan maar net dink wat hulle gedoen het.

My persoonlike leuse vir hulle is: “Jesus is the only way out”, al bly hulle tussen die tronkmure. Deur vir hulle te wys dat dit maak nie saak wat jy gedoen het nie of wie jy is nie, Jesus sal jou nooit wegstoot nie. Jy kan enige tyd nog na Hom toe kom. NOOIT te laat nie. So, ons gaan nie uit om vir hulle te oortuig om Jesus aan te neem nie, ons wys net Sy liefde, plant saadjies.

Die Heilige Gees doen die res en ons ervaring hoe die God Drie-enig die mense se lewens omswaai kan nie verwoord word nie! Dit maak dat meeste spanlede dit weer en weer doen. Kairos beteken – “God’s special time”.



Daar is drie tipe uitreike in Kairos:

- *Men’s inside* (25 jaar plus),
- *Womans outside* (geliefdes van die manne in die tronke)
- *Kairos Torch*, en dis nou waar ons betrokke is. Ons doen die 20’ste een die jaar!....voorwaar die Here se werk!

Wat die struktuur van die bediening betref maak ons ‘n langnaweek (13-15 April die jaar) wat ons ‘n program aanbied met 30 gevangenis. Ons bly ook daar en gee vir hulle drie maaltye per dag. Elke tweede Saterdag daarna doen ons opvolg werk met dieselfde 30 lede vir die res van die jaar.

Ons behoeftes:



- Ons span vir die jaar is klaar gevorm, maar het 'n groot behoefte aan **nuwe lede** want die waglys van tronke wat die Kairos bediening aanvra word net langer en langer. Werkers is min en die oes is groot.
- Ons soek mense wat vir ons **koekies kan bak** (tuisgemaak). Ons deel dit gedurende elke opvolg geleentheid uit.
- **Bid** asb vir ons naweek (13-15 April die jaar). Dat die mense ontvanklik sal wees vir God se woord en hulle harte sag sal word deur die jaar vir die Heilige Gees om te werk. Sondag die 15de April het ons 'n "ope" diens waar ons die gemeentes uitnooi om die diens by te woon en 'n paar getuienis aan te hoor van die manne. Dit is rondom 15:00 en sal lekker wees om van ons gemeente-gesigte daar te sien.
- Ons het 'n behoefte aan 'n geestelike leier (leraar/pastoor) volgende jaar.
- Ons doen baie fondsinsameling en Helderberg Gemeente ondersteun ons ook finansieel baie goed.
- Ons verkoop etekaartjies vir die gevangenis. Gemeentelede borg 'n R30 kaartjie en kan ook 'n boodskap skryf op die kaartjie vir die gevangene. Dit beteken so baie vir hulle as hulle sien daar is vreemde mense daar buite wat die lekker kos vir hulle moontlik maak. Kaartjies is te koop by die kerkkantoor

KAIROS
God's special time
Helderberg UITREIK

Projekleier: **Deon van Zyl** deon.vanzyl@dell.com

Ondersteuningsgroep

GRIEFSHARE

- indien jy 'n geliefde deur dood verloor het
Donderdae om 17:30 in die Tent of
Maandae om 10:00 by Helderberg Village, Eenheid 903
Navrae: Annette Botha, 072 189 9360 of kerkkantoor

Helderberg UITREIK

Selfoontoring

Selfone en daarmee gepaardgaande goeie selfoonontvangs is vir ons almal belangrik en uiters noodsaaklik. Nou is dit so dat die omgewing waarin die kerk geleë is gebuk gaan onder swak selfoonontvangs.

Daar was al baie versoeke in die verlede om 'n selfoontoring op die kerk se gronde op te rig. Na onderhandelinge met Blue Sky het ons besluit om aan hulle toestemming te verleen om die moontlikhede te ondersoek en nodige munisipale toestemming daarvoor te kry. Blue Sky het die nodige toestemming daarvoor gekry en ons is besig om die integrasie van so 'n toring op die terrein te ondersoek.

Ons glo dat hierdie inisiatief aan ons 'n geleentheid bied om aan die omliggende gemeenskap 'n diens te lewer en terselfdertyd 'n ekstra inkomste vir die gemeente te genereer. Gaan kyk gerus na die dokumente daaroor op die webblad.

Kom sing saam

Ou bekendes uit die Halleluja-boekie gaan gesing word op 4 Maart 2018 om 15:00 in die Kapel. Liefdesoffers gaan opgeneem word ten bate van ACVV Huis Danie van Huysteen in Carnarvon om vir hul behoeftige senior burgers doeke aan te koop. Hulle het enige nagklere, hemde en bloese ook nodig.

Kom saam

Besoek aan Straatwerk word beplan vir Vrydagaand, 9 Maart 2018. Saam met die personeel van Straatwerk, word uitgereik na vrouens wat in mensehandel vasgevang is en gedwing word om op straat te 'werk'. Ons ry saam met die Helderberg-bussie.

Belangstellendes kontak asseblief vir
Isabel Vroon by 072 374 6776 of bella.vroon@gmail.com
Dringend gesoek bestuurder met geldige PDP lisensie

Projek vir Gestremdes soek hulp

Is daar dalk iemand in die gemeente met 'n paar sterk hande, 'n goeie verstand en 'n hart vir mense met gestremdhede? Die Jonathan Huis vir volwasse gestremdes in Van der Stel het 'n reënwatertenk geskenk gekry en ons soek mense wat kan help om dit te installeer. Kontak my asb as jy kan help met die installasie van die tenk.
Annatjie van Niekerk 073 1916277

Wat kan 'n Bybel doen?

Die Helderberglaer van die Gideons nooi jou na hul Bybelfondsontbyt waar dr Dion Foster en lede van die Gideons hierdie onderwerp sal toelig.

Datum: 3 Maart 2018
Tyd: 08:00
Plek : Strand Gholfklub
RSVP: gideonshelderberg@gmail.com
Koste: R60 pp vooruitbetaalbaar
Bankbesonderhede: Gideons in SA
FNB rek nr 62013426540
Verwysing: jou naam/Bybelfonds 2018/ Ontbyt

Stuur asb bewys van betaling na gideonshelderberg@gmail.com. Indien jy om die een of ander rede nie kan bywoon nie, sal 'n donasie hoog op prys gestel word. Die mikpunt is om genoeg fondse in te samel om 5 500 Bybels teen R25 elk te kan aankoop.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.
ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.
Dankie vir getroue bydraes.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*